Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdiens(20) – JP Louw

Heilige voorwerpe

In die Joodse godsdiens was verskeie voorwerpe toegewy aan die erediens en is hulle as sodanig as God se eiendom beskou sodat hulle nie deur gewone mense aangeraak mag word nie. Toe Ussa (2 Samuel 6:7) die Ark van die Verbond aanraak, het by gesterf. So ook Nadab en Abihu (Levitikus 10:1-2) wat ongeoorloofde vuur hanteer het. Verskeie voorwerpe in die Tabernakel en in die latere Tempel – veral in die heilige en Allerheiligste gedeeltes was verbode vir gewone mense.

Onder hierdie voorwerpe was die Verbondsark in die Allerheiligste seker die belangrikste. Dit word in Eksodus 25:10-22 beskryf. Dit was ‘n kis wat byna een en ‘n kwart meter lank was, en net oor ‘n half meter hoog en breed. Die twee kliptafels met die Tien Gebooie was daarin gebêre (Eksodus 25:16, Deuteronomium 10:1-5). Volgens Hebreërs 9:4 was daar in die ark ook ‘n houer met manna en die staf van Aäron wat gebot het, maar volgens 1 Konings 8:9 en 2 Kronieke 5:10 was net die twee kliptafels in die ark. Moontlik was die manna en die staf aanvanklik voor of langs die ark geplaas, en later daarbinne, of die skrywer van Hebreërs wat soveel eeue later geleef het, praat van die voorwerpe globaal in terme van hulle lokaliteit. Die belangrikste deel van die ark was die goue deksel, genoem die versoendeksel omdat daar die sondes van die volk versoen is (Levitikus 16:11-17). Twee gestaltes van engele, wat as gerubs bekend gestaan het, het op die kante van die deksel gesit en was simbool van God se teenwoordigheid (Psalm 99:1).

In-die heilige deel van die Tabernakel en die latere Tempel

was ‘n goue tafel, ‘n lamp en ‘n altaar. Die tafel was sowat ‘n meter by ‘n halwe meter. Twaalf -brode in twee rye van ses is daarop geplaas en elke Sabbatdag vervang (Levitikus 24:5-8, 1 Samuel 21:6). Die term “toonbrode” of “gewyde brode” of “offerbrode” (1 Samuel 21=6) beteken letterlik `brood van die aangesig of “brood van die teenwoordigheid” omdat dit simbool was van God se teenwoordigheid. As die brode omgeruil word, het die priesters dit geëet (Levitikus 24:9).

Die lamp was ook van goud en het naas die hoofstam ses arms gehad, drie aan elke kant (Eksodus 25:31-40) met sewe lampies aan die punte van die hoofstam en arms – simbool van die lig van God se heerlikheid.

Tussen die tafel met die brode en die lamp het die goue altaar gestaan – ‘n half meter vierkant en een meter hoog (Eksodus 30:1-10). Op die altaar is wierook gebrand (Eksodus 30:34-38) wat as besonder heilig beskou is.

Ander heilige voorwerpe was die skouerkleed van die hoëpriester met die urim en tummim daarin (Eksodus 28:30) wat gedien het om God se wil te bepaal (sien p. 274 hierbo). Verder het die Jode ook ‘n baie klein kissie as heilige voorwerp op die voorkop vasgemaak of om die arm (Deuteronomium 6:8). In die kissie is die woorde (geskryf op ‘n klein strokie) uit Deuteronomium 6:4-5 geplaas. Die woorde het herinner dat daar net een God is en dat Hy met alle mag gedien moet word. In Matteus 23:5 word van die gebedsband (“gedenkseëls” in die Ou Vertaling) gepraat wat na hierdie kissie verwys en vandag nog dikwels by geleentheid deur Jode gedra word. Soms bestaan die een om die arm uit ‘n lang band met die woorde daarop. Hierdie kissies is ook by die deurposte en stadspoorte aangebring (Deuteronomium 6:9).

Griekse en Romeinse godsdienste

Deur die lang geskiedenis van die Jode het hulle nie juis

enige invloed van die Griekse en Romeinse godsdienste ondergaan nie. Slegs enkele groepe het tot ‘n mate aan so ‘n beïnvloeding meegedoen uit eie gewin soos die Sadduseërs wat graag in veral die Romeine se goeie boeke wou bly. Tog was dit min en oppervlakkig, want die Jode het altyd hulle godsdiens as hulle identiteit gesien.

In die Nuwe Testamentiese tyd het die Romeinse godsdiens, wat heelwat van die Grieke oorgeneem het, tot ‘n groot mate net ‘n uiterlike skyn gehad wat veral in spele, feesmale en kunsuitinge na vore gekom het as eerbetoning aan een of ander god.

Die Jode se felle verset teen hulle oorheersers deur baie eeue van hulle geskiedenis heen het in hoofsaak in hulle godsdiens gele. Vreemde gode en gebruike was vir die Jode altyd ‘n gruwel.

Skrywer: Prof JP Louw

Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdiens(19) – JP Louw

Priesters en Leviete

In die vorige het geblyk dat die hoëpriester dikwels net priester genoem is, want voor die intog in Kanaän was dit eintlik net Aäron en sy seuns wat priesters was. Die Leviete het heelwat werk gehad om die tabernakel rond te trek en op en af te slaan – en dit .was by die tabernakel waar die priesters die offers gebring het. In Kanaän was daar baie heiligdomme

waar die plaaslike bevolkings vir hulle gode geoffer het en met die groter wordende aantal Leviete was daar ook minder werk toe daar nie meer getrek is nie. Rigters 17 en 18 toon reeds aan hoe van die Leviete ook vroeg al onwettig priesterwerk begin doen het (vergelyk veral Rigters 17:9-10 en 18:4-en weer 18:19). Uit 1 Kronieke 9:26-27 blyk dit ook dat die Leviete se dienswerk uitgebrei het. In 1 Kronieke 23:28-32 blyk dit dat hulle al meer by die priesterwerk betrokke geraak het. Tydens die Babiloniese ballingskap, toe daar geen tempel was nie; kon die werk van priesters en Leviete ook nog verder vervaag het. Esegiël het na die terugkeer die ordening van die groepe herstel. In Esegiël 40:46 lees ons dat Esegiël die werk van priester en Leviet skerp omskryf. Die nageslag van Sadok, wat in Salomo se tyd hoëpriester was, is nou Levitiese priesters genoem, en het uitsluitlik by die altaar diens gedoen. So ook kan daar uit Esegiël 44:15-16 en 48:11 afgelei word dat ou gebruike wat vervaag (of dalk verval) het, weer ingestel is.

In die Nuwe Testament is die priesters en Leviete duidelik geskei (Lukas 10:31-32, 1:8-9, Matteus 8:4-soos beveel in Levitikus 14:2). Die lede van die hoëpriester se familie word in die Nuwe Testament owerpriesters of priesterhoofde genoem. Veral .hulle was gedurig, in konflik met Jesus. Die Leviete het hulle met dienswerk en onderrig in die Wet besig gehou en as sodanig is die interpreteerders van die Wet skrifgeleerdes genoem.

Die profete

Naas die priesters en Leviete was daar ook profete. Die profete het ook die volk by die Here verteenwoordig. Die profeet het baie gesag gehad, want hulle het God se boodskap direk aan die volk oorgedra terwyl die priesters en hoëpriesters meer met die tempelkultus te doen gehad het. In 1 Samuel 7:5 bid Samuel as profeet vir die volk; Elisa bid dat

die Here sy leërskare van engele sal openbaar (2 Konings-6:17); Jeremia word aangesê om nie te bid nie, want die volk se sondes was te groot (Jeremia 7:16). Abraham en Moses is deur die Jode as profete beskou. In Deuteronomium 18:15-22 word die werk van ‘n profeet beskryf. Dit kom veral daarop neer dat by God se mondstuk is – 2 Konings 17:13, 23, Esra 9:1, Jeremia 7:25-29.

Profete het nie net oor die toekoms gepraat nie. Al het hulle-soms voorspel wat sal gebeur, het hulle net so dikwels die volk berispe en geleer wat reg is. So het Samuel, Jesaja, Jeremia en die sogenaamde klein profete (Hosea tot Maleagi) gedoen. Hierdie mense was enkelinge wat as boodskappers van die Here opgetree het. Maar daar was ook profetegroepe (1 Samuel 10:5). So was Saul ook by geleentheid onder die profete (1 Samuel 10:10-12). In 1 Samuel 19:20-24 gaan Samuel self voor by die optrede van ‘n groep profete. Hierdie profetegroepe het hoofsaaklik voorspellings gemaak. In Rama word gesê dat daar profeetkwartiere was (1 Samuel 19:19; 22). In 2 Konings 4:38 en 6:1 lees ons dat hulle dissipels van ‘n groot profeet kon wees.

Johannes die Doper word in die Nuwe Testament telkens as profeet beskou. Jesus sê selfs in Matteus 11:9 dat Johannes meer as ‘n profeet was, want vir die Jode was die profeet wat sou kom ook ‘n voorloper van die Messias – die grootste van die profete (Lukas 1:76, die profeet van die Allerhoogste)..

‘n Profeet het onder aanraking van God gespreek. Jeremia sê dat God sy mond aangeraak het (Jeremia 1:9). Jesaja word met ‘n gloeiende kool van die altaar aangeraak (Jesaja 6:6) om as God se boodskapper gesalf te word. Sagaria word in ‘n gesig deur ‘n engel ingelig (Sagaria 1:8-17)-en sewe verdere gesigte volg.

Dikwels word priesters, Leviete en profete saam genoem as die religieuse leiers van die volk. Onder die Christene is ook van profete gepraat, en dan is mense bedoel wat in besonder ‘n

woord wat van die Here gekom het aan ander oorgedra het. Hier het die gedagte van toekomsvoorspelling feitlik, geheel en al verdwyn en het dit meer ‘n verkondigende funksie gehad, maar tog in onderskeiding van die algemene prediking.

Skrywer: Prof JP Louw

Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdiens(18) – JP Louw

Die hoëpriester

Aäron, as lid van die Kehatgroep, was dus ook ‘n Leviet. As broer van Moses en sy direkte helper tydens die uittog uit Egipte word hy volgens Eksodus 28:1 deur die Here aangewys as priester saam met sy seuns. So het die afstammelinge van Aäron onder die Leviete priesters geword. In hierdie tyd was dit algemeen onder al die antieke volke dat funksies en posisies grootliks deur afstamming bepaal was. Daarom was die koningskap ook byna uitsluitlik een van erfreg. Hierin was Dawid ‘n besondere uitsondering.

Levitikus 8 beskryf die wyding van Aaron en sy seuns as priesters. Hoewel daar nie in Levitikus 8 spesifiek gesê word dat Aäron tot hoëpriester aangewys is nie, dui die rol wat hy in al die verrigtinge gespeel het in Levitikus 8 en 9, dat by die voortou geneem het en sy seuns hom, soos te verwagte, bygestaan het. Dit sou immers volgens die gebruike van destyds onhoudbaar gewees het dat ‘n seun hoof oor sy vader sou wees.

Eers in Levitikus

16:24 word die term hoëpriester gebruik i v m Aaron wat sy hoëpriesterlike klere moes aantrek as hy versoening vir die volk se sondes doen. Maar in Eksodus 29, waar ook van die wyding van Aäron en sy seun vertel word, kry Aäron (vers 6) die priesterkroon. Die term hoëpriester word nie eers in Numeri 20:22-29 gebruik as Aäron sterf en sy seun Eleasar sy kleed ontvang nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die skrywers van die Bybelboeke dit as algemeen bekend aanvaar dat Aäron hoëpriester was en dat die term nie nodig is om oral te noem nie. Nietemin, Aäron was vir die Jode die: eerste hoëpriester.

Die hoëpriester was die enigste wat toegelaat was om een maal per jaar op die groot versoendag in die Allerheiligste van die tabernakel en latere tempel in te gaan.

Aäron het vier seuns gehad waarvan twee gesterf het omdat hulle ongeoorloofde vuur by die altaar gebruik het (Levitikus -10:1-3). So het die derde seun Eleasar sy vader as hoëpriester opgevolg (Numeri 20:25-29). Eli was uit die familie die vierde seun van Aäron, naamlik Ithamar (volgens die Joodse geskiedskrywer Josefus en ‘n vergelyking van 1 Kronieke 23:4, 1 Samuel 22:9 en 14:3). Voor Eli was Pinehas, die seun van Eleasar, hoëpriester (genoem “priester voor die Here”, Rigters 20:28). Hoe die wisseling gekom het, is nie bekend nie behalwe dat volgens 1 Samuel 2:27-28 Eli hoëpriester (die een wat die skouerkleed gedra het voor die Here) geword het omdat die Here hom gekies het. Dit is opvallend dat in 1 Kronieke 6:3-15 daar geen vermelding van Eli, of sy opvolgers, is nie. Toe Salomo vir Abjatar ‘n nakomeling van Eli ontslaan het (1 Konings 2:26-27) is die oordeel oor Eli se huis voltrek en het Salomo vir Sadok (1 Konings 2:35) ‘n nakomeling van Eleasar as hoëpriester aangestel (1 Kronieke 6:3 en 12). So het die priesterskap voor die Here weer teruggekeer na die afstammelingslyn. So het dit gebly en het alle hoëpriesters uit Eleasar se geslag gekom

totdat die Seleukiede koning Antiogus Epifanes (175-164 v. C.) die Jode verslaan het in die tyd van die Makkabeërs en die hoëpriester afgesit het. Daarna was hoëpriesters deur die oorheersers aangestel en afgesit. In die tyd van die Nuwe Testament lees ons van, sowel Annas as Kajafas. In 6 n.C. het die Romeine Annas aangestel en horn in 15 n. C. deur sy skoonseun Kajafas vervang. Na sy afdanking het die Jode nog voortgegaan om Annas as hoëpriester te behandel (Johannes 18:13, 24).

Skrywer: Prof JP Louw

Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdiens(17) – JP Louw

Geheiligde persone

Levi, een van die twaalf seuns van Jakob, het drie seuns gehad (Genesis 46:11, Numeri 3:17). Gedurende die verblyf van Israel in Egipte het die familie van Levi, soos dié van die ander seuns, natuurlik al groter geword sodat met verloop van tyd Levi se huis ‘n stam geword het en nog later het die drie seuns se families elk tot ‘n stam ontwikkel. Aaron, Moses en Miriam het behoort tot een van hierdie drie stamme. Toe die volk die goue kalf gemaak het by die berg Sinai en Moses hulle bestraf het, was die Leviete, sy stamgenote dus, die wat dadelik saam met Moses gestaan het om hierdie afgodery uit te roei (Eksodus 32:26-28). Daarop het Moses aan die Leviete gesê (vers 29) “vandag is julle gewy vir diens aan die Here”.

Die Leviete het toe die stam geword waaruit die priesters

gekom het en wat die opdrag gehad het om vir die erediens te sorg. Hulle het die tabernakel opgerig en onderhou. Numeri (hoofstuk 3) gee ‘n beskrywing van die pligte en werksaamheid van die stam van Levi. Die drie stamme (Gerson, Kehat en Merari) van Levi se seuns het (volgens Numeri 3:39) 22000 manlike persone getel. Die getal 7500 in Numeri 3:22 het net betrekking op die Gersongroep. Die Kehatgroep was 8600 (Numeri 3:28), die Merarigroep was 6200 (Numeri 3:34) – ronde getalle wat dus nie heeltemal rym met wat in Numeri 3:42-46 gesê word nie.

Elkeen van die groepe wat aan die drie seuns verwant was, het volgens Numeri 3:23-37 spesifieke take gehad om die tabernakeldiens te versorg. Hulle het die plek geneem van die eersgebore seuns van Israel wat in beginsel aan die Here gewy was en dus die priesterei moes verteenwoordig het. Die eersgeborene se besondere posisie in Israel dateer sedert die uittog uit Egipte (Eksodus 11:5; 12:12-13) toe die eersgeborenes gered is. Die eersgeborene van mens, dier en selfs plante (as oes van die landerye) het aan die Here behoort en is aan Hom toegewy as ‘n offer. Numeri 3:40-51 gee ‘n beskrywing van hierdie sonderlinge uitruiling gesien teen die agtergrond van die Leviete se wyding by Sinai wat hierbo genoem is (Eksodus 32:29). Hierdie uitruiling was blykbaar om die probleem op te los dat by Sinai die eersgeborenes as’t ware verbygegaan is.

Die Leviete as gewydes aan die Here se diens het gevolglik ook nie militêre diens gedoen nie. In Numeri 1 word die weerbare manne gemonster en in die lyste van die stamme wat in verse 20-43 gegee word, ontbreek Levi. In verse 47-51 word die Leviete afgesonder as toesighouers oor die tabernakel. As ons hulle getalle in ag neem, was hulle persentasiegewys baie groot en dit is te verstaan dat so baie dele van die offers vir die priesters gegee moes word om hulle te onderhou. Ook moes die Leviete tussen al die ander stamme verspreid woon (Numeri:35:1-8) om hulle diens oral te kon verrig. Nie alleen

van die offers is aan hulle gegee nie, maar ook die tiendes (Numeri 18:21) het aan die Leviete behoort vir hulle onderhoud.

Dit is belangrik om te let dat nie alle Leviete priesters was nie. Die Leviete het die heiligdomme beskerm, vir die musiek gesorg, ook onderrig aan die yolk gegee en verder allerhande take ivm die onderhoud van die erediens vervul. Uit die Leviete was dié wat van Aaron (uit die Kehatgroep) gestam het as priesters gewy om die offers en ander rites van die erediens te behartig. Net priesters kon die heilige voorwerpe aanraak. Numeri 4 gee ‘n beskrywing van die pligte van die Kehatgroep.

Skrywer: Prof JP Louw